## SARS SE REAKSIE OP PAIA-VERSOEK DEUR MNR. JOHN STEENHUISEN

**6 Maart 2023 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bevestig dat dit gereageer het op die versoek deur die leier van die Demokratiese Alliansie, mnr. John Steenhuisen, gerig ingevolge artikel 18(1) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) ten opsigte van die verklaring van 'n bepaalde reisiger.

Die SARS-inligtingsbeampte is, na 'n omvattende soektog na die rekord in verskeie SARS-passasiersproseseringstelsels en ontmoetings met die toepaslike bedryfseenhede binne SARS, wat hy geglo het kon moontlik in die besit van die dokument wees en/of kennis daarvan dra, ingelig dat die rekord nie gevind kon word nie en/of moontlik nie bestaan nie.

Die SARS-inligtingsbeampte het mnr. Steenhuisen ingelig van die proses wat gevolg is en vervolgens mnr. Steenhuisen ingevolge artikel 23(1) van PAIA in kennis gestel dat SARS nie in besit van sodanige rekord is nie.

SARS beoefen sy mandaat sonder aansien des persoons of partydigheid in alle aangeleenthede waarby dit betrokke is. SARS sal volhard op hierdie wyse. Dus sal SARS ook volhou om die bepalings van artikel 23(4) van PAIA na te kom. Indien sodanige rekord na 5 Maart 2023 gevind word, sal mnr. Steenhuisen toegang tot die dokument gegee word, tensy toegang geweier word op gronde van weiering soos uiteengesit in hoofstuk 4 van PAIA.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.

EINDE.